e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

18 November 2010

Jaargang 3 – Uitgawe 40

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@hnk.co.za**

VOORBLAD

Die Klavierspeler hou aan speel...

Die uitdaging aan die kerk vandag is om ons jongmense te help om te ontdek dat daar 'n Klavierspeler is wat die musiek optower, maar meer nog, dat Iemand die klavier moes bou. Ons jongmense is nie die kerk van môre nie, maar reeds die kerk van vandag.

November is in baie gemeentes van ons Kerk die maand waarin jongmense die geleentheid kry om hul geloof in die openbaar te bely. Die geskiedenis het ons nou al geleer dat baie van hierdie jongmense na belydenis van geloof wegraak. Party dwaal 'n rukkie rond en kom later weer terug na die Kerk, maar baie fladder van kerk tot kerk of selfs tot kerklosheid. Daar is sekerlik baie redes vir hierdie feit, maar dit is nie my doel om die redes te probeer vind nie. Wat 'n mens eerder moet doen, is om weer te besin oor wat dit beteken om jou geloof te bely – of wat dit beteken dat jy eenmaal, lank terug, jou geloof bely het. Ek lees die ander dag in *Stories vir die lewe* (uitgegee deur Lux Verbi) die legende van die klavierspeler.

Die legende vertel van 'n muiskolonie wat in 'n klavier gewoon het en gewonder het waar die wonderklanke wat hulle hoor vandaan kom. Hulle het baie teorieë gehad, maar die meeste het gesê dat dit 'n klavierspeler is wat die klavier bespeel. Op 'n dag het 'n dapper muis die klavier gaan verken om agter die waarheid te kom, en toe ontdek hy die bron van die musiek – die snare! Nou het hulle die waarheid geken, of het hulle? Want nie almal het met sy bevindinge saamgestem nie, en 'n afvaardiging is die klavier in om sy bevindinge te toets. En sowaar, daar kry hulle die snare, maar toe hulle verder soek, kry hulle die werklike bron van die musiek – die hamers wat teen die snare slaan. Nou het hulle die waarheid geken. En later, as een van die ouer muise nog iets oor die legende van die klavierspeler gesê het, is hulle uitgelag.

En, onsigbaar vir hulle almal, het die Klavierspeler aanhou speel…

Hierdie legende laat 'n mens nogal dink, want dit vat die werklikheid van die kerk in 2010 so mooi saam. In die kerk sit 'n aantal premoderne mense wat elke woord van die Bybel onkrities glo. En daar sit moderne mense wat objektiewe antwoorde op elke vraag soek, en postmoderne mense wat skepties is oor enige absolute aansprake. Ons kinders, selfs op die platteland, aanvaar nie meer alles net soos Oupa en Ouma dit aanvaar het nie. Hulle leef in 'n wêreld waarin vrae gevra word, waarin hulle op TV en op die internet van teorieë kennis neem wat die tradisionele verstaan van die Bybel uitdaag. Hulle soek en kry die snare, die hamers, wat die musiek voortbring. Maar die uitdaging aan die kerk in 2010 is om ons jongmense te help om te ontdek dat daar 'n Klavierspeler is wat die musiek optower, maar meer nog, dat Iemand die klavier moes bou. Want wat ons nie moet vergeet nie, is dat die jongmense nie die kerk van môre is nie, maar reeds die kerk van vandag.

Dit is belangrik dat die Woord van God, die Bybel, krities bestudeer word, maar ons moet nooit vergeet nie dat ons geloof en vertroue altyd moet bly in die God van die Woord. Want sien, onsigbaar vir almal, hou die Klavierspeler aan met speel… *Wees daarom verstandelik wakker en nugter, en vestig julle hoop volkome op die genade wat julle deel sal word by die wederkoms van Jesus Christus* (1 Petrus 1: 13).

Ds Willem Sauer
Groot Marico

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep ontvang

- **Ds David Barnard** van Horison Roodepoort na Magaliesmoot

Vakante standplaas

- **Gemeente Windhoek** beskik oor 'n vakante **volsorgstandplaas**. Windhoek is 'n stadsgemeente, alhoewel die karakter eerder dié van 'n groot plattelandse dorp is. Die gemeente is saamgestel uit 554 siele, waarvan 503 in Windhoek en 51 in Okahandja woon. Okahandja is 70 km noord van Windhoek. Die ouderdomsverspreiding is: 39% jonger as 30 jaar; 31% 30 tot 50 jaar; 19% 50 tot 65 jaar; 11% ouer as 65.

  Daar is elke Sondag 'n oggenddiens in Windhoek en ± 3 uit elke 4 Sondae per maand 'n erediens in Okahandja, vakansies uitgesluit. Met die meeste lidmate jonger as 30 jaar, wil die gemeente fokus op die bediening van kinders en jongmense. Omdat Windhoek die hoofstad is, werk heelwat jongmense van die platteland daar.

  Aansoeke moet die gemeente **voor 19 November 2010** bereik. Predikante en proponente kan 'n CV aan die skriba stuur by **nedherv@mweb.com.na**. Die Kerkraad behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

  Die gemeente besit 'n pastorie, maar alternatiewe behuising sal oorweeg word. Windhoek beskik oor 'n wye keuse van goeie skole met Afrikaans óf Engels óf beide as voertaal. Die beroepe predikant sal moet aansoek doen om 'n werkspermit en dit sou 'n aanbeveling wees (maar is nie 'n voorvereiste nie) as so 'n persoon Namibiese burgerskap deur afkoms of huwelik kan bekom. Enige verdere navrae kan aan bogenoemde e-posadres gerig word.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Mev Marie Bloem** bedank graag alle predikante, lidmate en ander belangstellendes vir hul meelewing en boodskappe na die skielike afsterwe van dr Gerrie Bloem. (Lees in die Desember 2010-uitgawe van *Die Hervormer* die innige nabetragting wat prof Bieks Beukes oor sy vriend en kollega geskryf het.)

- **Prof Yolanda Dreyer** is vir 'n periode van vier jaar aangestel as Hoof: Departement Praktiese Teologie van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria. Dit is met onmiddellike effek van krag. Prof Dreyer is die eerste vrou wat 'n departementshoof by die Fakulteit word. Die Kerk is met reg trots op haar!

- Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) het by sy vergadering op 11 en 12 November kennis geneem dat **dr Piet (PJ) van Staden** van Gemeente Philadelphia in Desember emeriteer. Ds Dries Beukes, visevoorsitter van die Kommissie, sal die emeritaatakte aan dr Van Staden oorhandig.

- **Ds Sanet van der Walt**, vroeër deeltydse predikant van Onverwacht, Bronkhorstspruit en Zuurfontein, het besluit om te bedank as predikant en lidmaat van die Hervormde Kerk. Sy doen tans aansoek by die NG Kerk om toelating tot die evangeliebediening.

- Die Kommissie van die AKV het die aansoeke van **beroepafwagtende predikante** om behoud van ampsvoorreg op 11 November goedgekeur.

- **Prof Andries van Aarde,** voorsitter van die direksie van die To Care Foundation, het op 11 November aan die Kommissie van die AKV terugvoer gegee oor sy onlangse besoek aan die VSA en Europa, waar hy onder meer gesprek gevoer het met leiersfigure van drie ekumeniese liggame. Hulle het veral gepraat oor samewerking met die To Care Foundation se armoedeverligtingsprogramme.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens.

  - Saterdag 20 November: Prof Johan Buitendag (UP) en ds Con Pieterse (emeritus)
  - Sondag 21 November: Prof Hennie van der Westhuizen (emeritus)
  - Maandag 22 November: Drr Piet Boshoff (Vereeniging), Johan Otto (Premiermyn) en ds Lammert van

Rooyen (Leeudoringstad/Makwassie)
- Dinsdag 23 November: Di Mariaan Beukes (Roossenekal/Stoffberg) en Henk Joubert (Welgelegen-Pietersburg)
- Woensdag 24 November: Di Jacques Pieterse (Laer Suidkus) en Neels van Tonder (Buffelspoort)
- Donderdag 25 November: Ds Johan Wagenaar (emeritus)
- Vrydag 26 November: Ds Gert van Staden (emeritus)

- **Gemeente Greylingstad** maak tans gebruik van die dienste van emerituspredikant **ds Fanie Naudé**. Ds Naudé doen die werk van Pretoria af. Die gemeente beplan saam met die Ringskommissie en sal ook ’n moontlike kombinasie oorweeg. Indien die dienswerk van ’n emerituspredikant na die beste oplossing lyk, sal die gemeente volgende jaar formeel aansoek doen dat ds Naudé die bearbeiding behartig.

- **Gemeente Erasmia** beplan tans onder leiding van die konsulent, **ds Carl Potterill**, en die Ringskommissie van Pretoria-Wes vir sy toekomstige bediening. Die Kommissie van die AKV het toestemming aan die gemeente verleen om tydelik nie met sy beroepswerksaamhede voort te gaan nie. Verskeie moontlikhede word oorweeg.

- Die Kommissie van die AKV het aan **Gemeente Vanderkloof** toestemming verleen om emerituspredikant **ds Sakkie (LJ) Meyer**, wat binne die gemeentegrense woon, as pastorale hulp te gebruik. Ds Meyer help al geruime tyd in die gemeente.

- **Gemeente Wonderboom** het toestemming van die Kommissie van die AKV gekry om sy deeltydse standplaas op te hef. Verskeie deeltydse predikante het oor jare hulp aan **ds Peet Esterhuizen** verleen met die bediening van die gemeente. Ds Esterhuizen behartig die taak al etlike jare lank alleen.

- **Gemeente Klerksdorp-Doringkruin** het toestemming gekry om die deeltydse standplaas waarin ds Heinrich Botha vroeër gewerk het, op te hef. **Dr André Ungerer** behartig die bearbeiding van die gemeente.

- **Gemeente Bronkhorstspruit** het toestemming by die Kommissie van die AKV gekry dat **prof Andries Breytenbach** as pastorale hulp kan optree totdat hy die vertaling van die Ndebele Bybel afgehandel het. Prof Breytenbach sal dan na sy plaas naby Colesberg verhuis en van tyd tot tyd ’n maand of twee in Pretoria vertoef.

- **Gemeente Johannesburg** het toestemming gekry om sy standplaas te wysig na deeltydse bediening. Die gemeente wil so gou moontlik ’n predikant beroep.

- **Gemeente Rietvallei** het toestemming van die Kommissie van die AKV gekry om die deeltydse standplaas waarin dr Elsabé Kloppers jare lank met groot vrug gewerk het, op te hef. Dr Kloppers is tans besig met verdere studie.

- **Jaarverslae vir die ringsvergaderings in 2011** word tans hersien nadat die Kommissie van die AKV daaraan aandag gegee het en voorstelle van die Komitee wat verantwoordelik is vir die hersiening van die verslae goedgekeur het. Die nuwe verslae sal gedurende November gestuur word aan skribas van gemeentes en aan ringsvergaderings.

- Die Kommissie van die AKV het op 11 November gesprek gevoer met die voorsitter van die Kategeseboekekommissie, **dr Hannes Beukes**, oor die kategeseboeke. Die **nuwe graad 5-boeke** is tans by die drukker en sal voor die einde van die jaar vir gemeentes beskikbaar wees.

- **Ruyterwacht kry hulp uit Oostenryk!**

  Ruyterwacht is ’n voorstad van Goodwood in die Kaapstadse munisipale gebied waar uiterste armoede heers. ’n Welsynsorganisasie, Ruyterwacht Senior Sentrum, reik uit na hierdie hulpbehoewendes, en gemeentes in die ring van Wes-Kaapland tree op as donateurs om die Sentrum te help funksioneer. Kyk gerus na ’n fotobeeld van Ruyterwacht se omstandighede op **Gemeente Bellville** se webblad **www.nhkbellville.co.za** onder die skakel *Projek Ruyterwacht*.

  Die Afrikaanse gemeente van die Evangelische Kirche van Wenen in Oostenryk het 10 jaar gelede tot stand gekom kragtens ’n amptelike ooreenkoms tussen die Protestantse kerke in Suid-Afrika en Oostenryk. Deur middel van Gemeente Bellville het die Afrikaanse gemeente van Wenen bewus geword van die nood in Ruyterwacht. Ten spyte daarvan dat hierdie Oostenrykse gemeente uit sowat tien gesinne en ’n paar enkelinge bestaan, het die kerkraad besluit om die lening van een van twee huise wat Ruyterwacht Senior Sentrum onlangs gekoop het, se paaiemente vir ses maande vooruit te betaal! Die kerkraad oorweeg tans projekte in ’n poging om ’n verdere ses maande se paaiemente te betaal. Hierdie *gemeentetjie* se diakonale betrokkenheid strek nog verder met hulp aan die versorging van weeskinders in voormalige Kommunistiese lande. Dit is ’n wonderlike, wêreldwye uitreikaksie van ’n gemeente met slegs ’n paar lidmate.

  Ruyterwacht Senior Sentrum beskik tans oor vier huise wat aangeskaf is omdat senior burgers in Ruyterwacht se pensioene minder is as die huurkoste van behuising wat deur die Staat voorsien word. Met die aanskaf van hierdie

huise kan tot ses senior burgers wat hul huise as gevolg van gebrek aan huurgeld verloor het, gehuisves word.

Lidmate of gemeentes wat 'n bydrae van enige aard aan Ruyterwacht wil maak, kan Gert Oosthuizen van Melkbos by **gert.oosthuizen@vodamail.co.za** of Len Loader van Gemeente Bellville by **lenl@adept.co.za** kontak.

- **Gemeente Erasmia** en die **ring van Pretoria-Wes** reël dat skoenboksies met artikels uit 6 verskillende kategorieë gepak word per ouderdom en geslag. Hulle voorsien aan hul gemeenskap se kinders eerste; die res gaan na Hans Plakker by Doulos-bediening. Persone en instansies wat aan die projek wil deelneem, kan 'n lys van benodighede bekom deur Adine te kontak by **adine@abacnet.co.za** of 082 873 6706.

- **Gemeente Springs-Oos** beskik oor 'n **vakature vir 'n tweede orrelis**. Die pos is onmiddellik beskikbaar. 'n Volledige pligstaat en besonderhede oor die vergoeding sal tydens die onderhoud met kandidate bespreek word. Vergoeding is volgens skaal. Gekwalifiseerde orreliste kan hul CV en 'n gewaarmerkte afskrif van hul kwalifikasie as orrelis per e-pos aan die skriba, oudl Retha Laubscher, by **rethalaubscher@gmail.com** stuur.

- **Gemeente Rietvallei** beskik oor 'n **vakature vir 'n orrelis.** Persone met die nodige kundigheid en ervaring om die gemeente tydens Sondae-oggende se eredienste, informele jeugbyeenkomste op Sondae-aande en Christelike feesdae te begelei, kan 'n CV stuur na die gemeentekantoor: faks 012 345 3143 of **nhrietv@telkomsa.net**. Diensvoorwaardes is soos deur die Hervormde Kerk voorgeskryf. Diensaanvaarding teen Januarie 2011 of so gou moontlik.

- Dit is 'n besluit van die AKV dat predikante die **Voortgesette Toerustingskursus (VTT)** elke jaar moet bywoon. Die datums van die VTT-kursus vir 2011 is **7 tot 8 Junie 2011** en **8 tot 9 November 2011**. Die tema vir die kursus sal later bekendgemaak word. Die kursus word weer by Gemeente Villieria aangebied, en die koste beloop R300 per persoon.

- **Gemeente Laer Suidkus** benodig 'n predikant om op **25 Desember** 'n erediens (Kersdiens) te hou op Port Edward om 08:00, op **2 Januarie 2011** om 08:00 te Port Edward en om 09:30 te Port Shepstone (gewone eredienste). Indien daar predikante is wat dan aan die Suidkus van KwaZulu-Natal vakansie hou en gewillig is om enige van die genoemde eredienste te lei, skakel asseblief met die skriba, Frik Esterhuyzen, by 039 695 9430 of 082 556 9793.

- **Gemeente Saffierkus** in Amanzimtoti het op 7 Februarie 2010 tot stand gekom na afstigting van Gemeente Durban-Suid. Die gemeente bestaan uit ongeveer 150 lidmate. **Ds Piet Steenkamp** is as deeltydse leraar beroep en deur ds Jacques Pieterse van Laer Suidkus bevestig. Eredienste vind elke Sondag om 08:30 plaas in die Scoutsaal, Drakestraat 4, Amanzimtoti. Besoekers word hartlik uitgenooi om die eredienste by te woon. Kontak ds Steenkamp by 082 789 1398 of Celia Biggs by 082 410 5444 of 031 903 7970.

- **Kennisgewing aan alle NHSV-takke:** Die datum vir die **46ste Nasionale Kongres** is 6, 7 en 8 Oktober 2011. Die kongres vind plaas by Gemeente Wonderboom in Pretoria.

- Die **NHSV Hoofbestuur** wil weer eens elke gemeente wat so mildelik bygedra het tot die deurkollekte van 14 Februarie vanjaar hartlik bedank. Die NHSV het 'n pragtige bedrag van R176 000 ontvang. Na aanleiding van die oproep het 'n enkeldonateur 'n addisionele R50 000 (vir beurse en lenings) geskenk. Hierdie R226 000 gaan soos volg aangewend word: beurse en lenings R138 000; Monumenttehuise R88 000. Almal word uitgenooi om die poging in 2011 te herhaal. **13 Februarie 2011 se kollektes** sal weer aan die NHSV toegestaan word. In 2011 sal die fondse uitsluitlik vir beurse en lenings aangewend word.

- In die voetspore van die eerste Christene: **Toer na Egipte en Turkye** van **20 April tot 4 Mei 2011** onder leiding van **ds Martin Slabbert**. Besoek die webwerf by **www.indievoetspore.co.za**, of kontak ds Slabbert by 082 655 4787.

- **Gemeente Philadelphia** het **vakante studentebehuising** op hul kerkterrein. Dit is sowat 100 m vanaf UP se Lunnonweg-ingang. Dit is 'n kommune van 10 inwoners wat 'n kombuis en twee badkamers deel. R2 450 per maand vir die groot kamers en R1 950 per maand vir die kleiner kamers. Verkieslik huurders wat studeer aan UP en by die gemeente sal inskakel as lidmate; die kamers moet voor einde November verhuur word. Kontak Esme Bolton by 012 362 7237 op weeksdae tussen 08:30 en 13:30, of Rue Hopley by 083 669 3060 (enige tyd).

- **Eerstejaarskampe 2011**

  - **Pretoria: Philadelphia: Saterdag 22 tot Donderdag 27 Januarie**
    Kwaggasrus, ongeveer 30 km buitekant Brits
    R800 per persoon, sluit twee T-hemde in
    Kontak Pierre Brits (kampvoorsitter) by 079 942 2662,
    ds Martin Slabbert by 082 655 4787 of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866
    Stuur 'n e-pos na **philadelphia@nhk.co.za** vir meer inligting

  - **Bloemfontein: 9 tot 13 Januarie**
    Kamp saam met Kougom

R650 per persoon, inskrywings sluit op 8 Januarie
Kontak ds Willem Dykema by 082 560 4772
of Giselle Fourie (kampvoorsitter) by 082 649 6527

- **Stellenbosch: Saterdag 15 (12:00) tot Dinsdag 18 Januarie (17:00)**
  R400 per persoon, alles ingesluit
  Kontak ds Chris le Roux by 082 905 0818 of **cleroux@nhk.co.za**

- **Potchefstroom-Studente: Dinsdag 11 tot Vrydag 14 Januarie**
  R700 per persoon, verblyf, etes en ’n T-hemp ingesluit
  Kontak ds Rudy Denton by 082 459 9710 of **rudy@nhk.co.za**,
  Terzie Denton by 082 475 4618, of Jana Smit by 079 880 7466

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- **Saterdag 27 November 19:00: Gemeente Pretoria-Oos**
  Delyweg 100, Waterkloof
  Saam met Musica Instrumente en Allen Kerkorrels
  Rocco de Villiers agter klavier en Pieter van den Berg agter orrel
  Ook met F# Koor en Alta van Huyssteen
  Ten bate van ’n kinderhuis
  Kaartjies R100 per persoon, beskikbaar by die gemeente (012 460 8441)
  of by Pieter van den Berg (072 041 3954)
  of by Musica Instrumente, Atterbury Value Mart

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Randburg: Gholfdag Dinsdag 23 November**
  CMR-gholfbaan, Maraisburgweg, Roodepoort
  Ten bate van Cluny Farm, Midrand
  Tehuis vir 58 verstandelik gestremde persone wat hulself onderhou
  met plant van groente en verkoop van gebak en melk
  R1 600 per 4-bal, borg van putjies welkom
  Kontak Christa Clifton by 082 566 1907 of **christac@atkv.org.za**

- **Gemeente Bronkhorstspruit: Gholfdag Vrydag 26 November**
  Bronkhorstspruit-gholfklub
  R800 per 4-bal of R200 per persoon (sluit R20 halfweghuis-ete in)
  Borge welkom
  Afslaan 11:00
  Kontak Attie Botha by 083 627 4263

- **Gemeente Springs-Oos: Gholfdag Woensdag 1 Desember**
  R700 per 4-bal (ete ingesluit)
  Goeie pryse en geskenkpakke te wen
  Borge vir setperke 1, 9 en 18 teen R1 000 elk en ander teen R500
  Kontak oudl Christo Nortje by 082 468 2730 om te adverteer of te speel

- **Gemeente Oudtshoorn: Gholfdag Saterdag 4 Desember**
  Oudtshoorn-gholfbaan
  R1 200 per 4-bal, R300 per persoon, borge welkom
  Kontak ds Monja-Lize van Belkum by 082 786 5752

Basaars en markte

- **Saterdag 27 November: NHSV Hendrina Barmhartigheidsboeredagbasaar**
  Hv Van Niekerk- en Beukesstraat, Hendrina
  Uitstallers welkom teen R100 per tafel – wins is joune
  Volop vleis en alles waaraan jy kan smul in oorvloed
  Alle winste vir barmhartigheid
  Kontak Cia van der Westhuizen by 083 452 8394

- **Woensdag 1 tot Saterdag 4 Desember: Gemeente Bergsig Kersmark**
  Huur ’n stalletjie teen R50 plus 10% van die verkope per stalletjie
  Skryf in vir die potjiekoskompetisie teen R20 elk
  Kontak Marie by 082 402 4170

- **Saterdag 4 Desember: Doulos Gemeenskapsprojek**
  Kersfunksie by Silwer Valke Rugbyklub
  Hv Pretoria- en Roestoffstraat, Silverton
  Hulp benodig vir maak van potjiekos vir 2 000 mense
  Borge ook welkom
  Kontak Hans Janse van Rensburg by 083 269 7082
  of Heleen Huyser by 082 443 8874 of **Heleen.Huyser@postoffice.co.za**

- **Donderdag 9 tot Saterdag 11 Desember: Gemeente Buffelspoort Kersmark**
  Op gemeenteterrein 1,2 km vanaf vakansieoord van ATKV Buffelspoort
  Kontak ds Neels van Tonder by **nvtonder@vodamail.co.za**

- **Donderdag 16 tot Sondag 19 Desember: Gemeente Wesmoot Kersmark**
  Makro Wonderboom se parkeerterrein
  Staanplekke is 3 x 4 m, koste per dag R150, R500 vir vier dae
  Kontak ds Fanie Beukes by 073 167 1183

- **Saterdag 29 Januarie 2011: Gemeente Nelspruit Maroelafees**
  Vanaf 08:00 by Nelspruit Rugbyklub
  Toegang (sluit glas maroelasap in) R20 per volwassene/hoërskoolkind
  R10 per laerskoolkind, gratis vir voorskoolse kleuters
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455

ANDER NUUS

- Die Kommissie van die AKV het **ds Dries Beukes en oudl Phillip Bester** benoem as sy verteenwoordigers in die **Raad van Finansies**. Die Raad vergader op Donderdag 18 November vir die eerste keer na afloop van die AKV en sal dan konstitueer.

- Die Hervormde Kerk het ’n **vakature vir ’n ouditeursklerk** vir die ouditering en opskryf van gemeentes se boeke. Die persoon moet ’n stel finansiële boeke tot proefbalans-stadium opstel en bewysstukke kontroleer. Hy/sy moet pligsgetrou wees, en beskik oor goeie kommunikasie- en organisasievaardighede en die vermoë om as lid van ’n span te funksioneer. Die kandidaat moet ook rekenaarvaardig wees in MS Office; ondervinding in Pastel, Quick Books en/of Turbocash sal ’n aanbeveling wees. Onderhandelbare salaris met normale diensvoorwaardes. **Sluitingsdatum vir aansoeke is 26 November 2010.** Aansoeke met ’n kort CV moet gerig word aan mev Susan Reyneke, Posbus 2368, Pretoria 0001, tel 012 322 8885 x252, faks 086 580 0960, e-pos **susan@nhk.co.za**.

- **Transoranje Skool vir Dowes: 26 November tot 5 Desember Kersmark**
  Pretoria-skougronde, Saal L, ingang Kerkstraat
  Kontak mev Alta Koekemoer by **transoranje3@gmail.com** of 012 386 6072/3/4/5

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Vrydag 19 November: Predikantepensioenfonds; Personeelpensioenfonds; Finkom van Die Ondersteuningsraad
  - Saterdag 20 November: Kommissie van die ADV
  - Dinsdag 23 November: Raad vir Apostolaat
  - Woensdag 24 November: Bestuursvergadering en afsluiting van Die Ondersteuningsraad

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"As jy vra en jy kry, moet jy ook dankie sê. Baie klein gemeentes het die benutting van pensioenarisse as pastorale hulp gesien as die enigste oplossing om te kan voortbestaan. Ons het die besluit van 1999 aanvaar dat ons nie meer kan werk in die Kerk na emeritering nie. Daar was egter die hunkering om steeds in gemeentes van ons geliefde Kerk te kan werk. Ons en seker baie gemeentes is diep dankbaar teenoor die Here en die Kerk dat die besluit tydens die AKV geneem is dat pensioenarisse weer pastorale en ander werk in die Kerk kan doen."

Prof Bieks Beukes

ADVERTENSIES

RIETFONTEIN-OORNAG (PRETORIA)

Selfsorgeenhede
- gerieflik, netjies, stil, selektief
- naby hospitale, hoofweë, sentrums
- mandjie-ontbyt op aanvraag
- bekostigbaar
- veilige parkering

Kontak Adaleen by 083 345 7717

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

AGTERBLAD

Die *Almanak* en *Bybelse Dagboek* vir 2011 is hier!

Die *Almanak* en die *Bybelse Dagboek* vir 2011 het pas verskyn. Met uitstekende bemiddeling van mnr Chappy Exall van Chrysalis Printing & Publishing Solutions is die boeke op 12, 15 en 16 November by SENTIK afgelewer – betyds vir vervoer na ringe en gemeentes sodat gebruikers die Dagboek reeds op 1 Januarie kan begin lees.

Verskeie ringe en gemeentes het reeds hul besendings ontvang. Predikante of lidmate wat in Pretoria besoek aflê, kan hul gemeentes se boeke by die Kerkkantoor kom afhaal. Tref asseblief vooraf reëlings met dr Wouter van Wyk by 012 322 8885 x261 of **wouter@nhk.co.za**, of met mev Susann van Zyl by **sentik@nhk.co.za** of 012 322 8885 x291.

Daar is ook 'n volledige weergawe (met foto's) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat vandeesweek 321 kilogrepe groot is. Vind dié volledige weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur 'n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx